Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: CA & R 48/03

Datum verhoor: 2004-10-14
Datum gelewer: 2004-10-14

In die appél van:

**FRANS TSHAMBO** **APPELLANT**

*versus*

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

Coram: MAJIEDT R *et* MUSI WnR

# UITSPRAAK

**MAJIEDT R:**

1. Die appellant is op 11 Februarie 2003 in die landdroshof skuldig bevind aan 'n aanklag van aanranding met die opset om ernstig te beseer. Hy is gevonnis tot drie jaar gevangenisstraf. Die appellant kom nou in hoër beroep teen vonnis, alhoewel dit uit sy kennisgewing van appél wil voorkom dat hy ook tot 'n mate die skuldigbevinding aanval.

2. Die appellant het skuldig gepleit op die ten laste gelegde misdryf en namens hom het sy prokureur 'n skriftelike pleitverduideliking ingevolge die bepalings vervat in artikel 112(2) van die Strafproseswet, 51 van 1977, uitgelees in die hof en ingehandig as bewysstuk A. Die appellant is daarna op die voormelde pleit skuldig bevind.

3. Bewysstuk A is deur beide die appellant en sy prokureur onderteken. Verder het die landdros ook by die appellant

verneem of die verklaring, bewysstuk A, korrek is en het die appellant bevestigend gereageer op dié navraag. Na my mening is die skuldigbevinding regtens heeltemal in orde, aangesien die appellant luidens bewysstuk A al die wesenlike elemente van die ten laste gelegde misdryf erken het.

4. Volgens bewysstuk A het die appellant en sy vriende op die datum van die voorval in 'n taverne gesit en drink toe 'n woordewisseling ontstaan het tussen van die appellant se vriende en die klaer. Die appellant het tussenbeide getree en die klaer met 'n *okapi*-mes 5 steekwonde toegedien. Tydens die verhoor het die staatsaanklaer by ooreenkoms die sogenaamde J88-mediese vorm ten aansien van die klaer se beserings ingehandig. Daarvolgens word bevestig dat die appellant inderdaad die klaer 5 steekwonde toegedien het. Van belang is om

te let op die volgende aantekening van die geneesheer:

"Pasiënt ontwikkel 'n hemo-pneumotoraks wat as spoedgeval na De Aar Hospitaal laat stuur word vir dreinasie."

Verder aan verskyn die volgende op die J88:

"'n Verwaarloosde Hemo-Pneumo toraks is lewensbedreigend en is hierdie pasiënt as sulks verwys sonder dat ek hom klinies kon ondersoek."

5. Die klaer het klaarblyklik geruime tyd in die hospitaal deurgebring, heel moontlik as gevolg van die hemo-pneumo toraks waarna die geneesheer verwys. Die klaer het dus baie ernstige beserings opgedoen en was sy lewe inderdaad bedreig deur een van hierdie steekwonde. Die appellant het 2 soortgelyke vorige veroordelings – hy is naamlik op 15 Junie 1999 as 'n eerste oortreder 'n opgeskorte vonnis van 12 maande gevangenisstraf opgelÍ vir dieselfde misdaad as die onderhawige. Meer

as ‘n jaar later, te wete 20 Januarie 2001 is hy vir dieselfde misdryf gevonnis tot 9 maande gevangenisstraf en die vorige opgeskorte vonnis is toe op 3 April 2001 in werking gestel.

6. Namens die appellant het Mnr. Janse van Vuuren heeltemal tereg toegegee dat daar absoluut geen meriete is in die appél teen beide skuldigbevinding en vonnis nie. Die vonnis wat die landdros die appellant opgelÍ het is weliswaar swaar, maar meen ek dat dit heeltemal geregverdig is in die omstandighede gegewe die klaer se ernstige beserings en die appellant se misdaadrekord vir dieselfde tipe misdrywe. Die appellant is klaarblyklik ‘n gevaar vir die samelewing en meen ek dat die enigste vonnisopsie een van onopgeskorte gevangenisstraf is en wel tot die maksimum van die landdros se strafjurisdiksie van 3 jaar.

7. Gevolglik is ek die mening toegedaan dat daar geen meriete in die appél teen vonnis is nie.

**DIE APPELLANT SE APPÉL WORD AFGEWYS EN DIE SKULDIGBEVINDING EN VONNIS WORD BEKRAGTIG.**

_____________

**SA MAJIEDT**

**REGTER**

**Ek stem saam:**

________________

**CJ MUSI**

**WAARNEMENDE REGTER**

| | | |
|---|---|---|
| NAMENS APPELLANT | : | Mnr. D. Janse van Vuuren |
| NAMENS RESPONDENT | : | Adv CG Jansen |
| DATUM VAN VERHOOR | : | 2004-10-14 |
| DATUM VAN UITSPRAAK | : | 2004-10-14 |